## Hoofstuk 9.

## Samevatting.

Soos afgelei kan word uit die feite was Potchefstroom teen 1880 'n gevestigde en vooruitstrewende dorp wat ongeveer 2000 tot 3000 inwoners gehuisves het. Potchefstroom het op ekonomiese en sosiale gebied vooruitgang beleef en het oor 'n gesonde administrasie beskik wat wet en orde in die dorp gehandhaaf het.

Die anneksasie van Transvaal in 1877 en die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog het geen nadelige uitwerking gehad op die vooruitgang en ontwikkeling van Potchefstroom nie. Die dorp het wel na die beëindiging van die Eerste Vryheidsoorlog 'n onstabiele ekonomiese tydjie beleef maar het binne enkele maande herstel. Die herstel van die Suid-Afrikaanse Republiek in Augustus 1881 en die ontdekking van goud en diamante was opnuut belangrike stimulante vir ekonomiese voorspoed. Geld het die dorp ingestroom en het nie net vooruitgang op ekonomiese gebied nie, maar ook op sosiale gebied meegebring.

Met die verloop van verdere jare het Potchefstroom steeds gegroei en uitgebrei en geen ooreenkoms getoon met die dorp wat dit teen 1880 was nie. Verskeie geboue het verrys en die meeste van die ou geboue van betekenis tydens die oorlog moes swig voor ontwikkeling en uitbreiding. Die ou Kaapse Handelsbank het plek gemaak vir 'n moderne Barclays

Bank op die hoek van Kerk- en Potgieterstraat. Op die plek waar dominee Jooste se pastorie gestaan het, staan vandag die Nederduits Gereformeerde Kerk.

Die omheinde terrein van Winsloe se grondfort, aan die linkerkant van die hedendaagse pad na Klerksdorp, en die ou Kruithuisie wat aan die regterkant van dié pad geleë is, is oorblyfsels van die militêre stryd wat in Potchefstroom tydens die Eerste Vryheidsoorlog geheers het.

Waar Potchefstroom in 1880 'n belangrike plek ingeneem het in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Regering, speel hy vandag, meer as 'n eeu later, 'n leidende rol in die gemeenskap van Wes-Transvaal.